

# 11

## KERKGESKIEDENIS – HERSIENING

### *Tydlyn van Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis*

#### **PRAKTYKLES**

##### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis vertel waar ons vandaan kom en waarheen ons op pad is.

##### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

###### **Kennis**

Die kinders moet die Nederduitsch Hervormde Kerk se geskiedenis in Suid-Afrika hersien.

###### **Gesindheid**

Die kinders moet met die Nederduitsch Hervormde Kerk identifiseer en bereid wees om die Kerk se groei en vooruitgang met toewyding te bevorder.

###### **Vaardigheid**

Die kinders moet die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis in 'n tydlyn plaas en 'n “droom”(ideaal) vir die Nederduitsch Hervormde Kerk se toekoms formuleer.

##### **MEER INLIGTING (Filippense 3)**

Die geskiedenis van 'n kerk is baie belangrik omdat dit aandui waar die kerk vandaan kom en ook reeds in 'n mate waarheen die kerk op pad is. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het nie net uit die lug geval nie. Daar is mense wat 'n groot rol gespeel het in die verloop van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk en ook die geskiedenis van die algemene Christelike kerk in ons land en buurlande. Mense se optredes, reaksie en denke het deur die loop van baie jare die Nederduitsch Hervormde Kerk gevorm soos die Kerk vandag daar uitsien. Baie jare se werk, groot opofferings en die geloof om berge te versit, het ons gebring waar ons vandag is. Aan die ander kant is dit ook waar dat daar soms verkeerde besluite

geneem is, wat die Kerk skade aangedoen het. Die kerk is diegene wat aan God behoort, maar dit is ons, en ons is soos die mense voor ons ook sondaars. Tog wil ons onder leiding van die Heilige Gees probeer om kerk van Jesus Christus te wees.

Mense wat 'n invloed op die geskiedenis en vorming van die Kerk het, is gewone lidmate, kerkraadslede en predikante. Alhoewel geskiedskrywers geneig is om op die predikante van gemeentes te fokus, is dit dikwels gewone lidmate wat 'n besondere rol in die vorming van gemeentes gespeel het. Elke gemeente is afhanklik van die lidmate wat die gemeente vorm. Dit gaan nie net oor die aantal lidmate nie, maar veral lidmate wat hul roeping as gelowiges besef, toegewyd diensbaar is en bereid is om die boodskap van redding en verlossing in die wêreld uit te dra en ook te sorg dat dit verkondig word.

In Filippense 3 lees ons hoe Paulus die fokus van gelowiges op die regte sake probeer plaas. Die volgende is baie belangrik:

- Paulus waarsku die lidmate van die kerk teen dwaalleraars en hul boodskap.
- Hy waarsku ook teen lidmate wat kwaad in die gemeente stook.
- In elke gemeente moet Jesus Christus en sy evangelie die belangrikste wees.
- Vryspraak en versoening is die kern van die boodskap van die kerk.
- Paulus stel dit duidelik dat die lidmate hulle soms moet losmaak van die verlede en hulle moet uitstrek na die toekoms. Baie lidmate klou soms vas aan negatiewe dinge wat in die kerk en gemeentes gebeur het, in plaas daarvan om dit agter hulle te laat en vorentoe te beweeg.
- Lidmate moet getrou bly aan die boodskap van Christus.

Mense is geneig om op hul prestasies en status te roem en dan te dink dat dit aan hulle 'n besondere plek in die geskiedenis van die kerk gee. Paulus gryp terug na sy eie geskiedenis om te wys hoe hy op sy status kon roem, maar getuig dan dat dit alles vir hom waardeloos is teenoor die voorreg om Jesus Christus as Redder en Verlosser te ken. Waar hy vandaan kom en wat hy bereik het, weeg glad nie op teen die voorreg om deel van die kerk te wees en 'n aandeel in die uitdra van die evangelie te mag hê nie.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Afskrif van die feite en tydlyn soos hieronder by IETS OM TE DOEN.
- 'n Pakkie lekkers of enige iets anders as prys vir die wenner.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed.

## **HET HULLE GEDOEN EN GELEER?**

- Die kinders gee terugvoer oor die gesprek met hul ouers oor hoe hulle Jesus Christus bekend sal stel aan iemand wat nog nooit van Hom gehoor het nie.
- Hulle het tuis die datums en feite geleer vir die voltooiing van die tydlyn hieronder.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Vra die kinders om te sê waarheen hulle dink die Nederduitsch Hervormde Kerk op pad is. Verduidelik aan hulle dat hulle die toekoms van die Kerk op 'n manier in hul hande hou, want Jesus Christus, die Hoof van die kerk, gaan hulle gebruik om sy kerk in die toekoms te bou.

### IETS INTERESSANT

- Maak 'n bondige opsomming van MEER INLIGTING en hou dit aan die kinders voor.
- Laat die kinders die volgende stelling bespreek: *As ons nie weet waar ons vandaan kom nie, weet ons ook nie waarheen ons op pad is nie.*

### IETS BELANGRIK

Skerp die volgende weer in:

- Ons en ons voorgeslagte is sondaars, en daarom is daar gebreke in die Kerk.
- Ons en ons voorgeslagte leef van God se genade, en daarom kan daar goeie dinge in die Kerk gebeur.
- As 'n mens jou geskiedenis ken, weet jy om foute nie te herhaal nie en om op die goeie dinge te bou en te verbeter.
- Mense wat 'n invloed op die geskiedenis van die Kerk het, is gewone lidmate, kerkraadslede en predikante.
- In Filippense 3 plaas Paulus die fokus op die volgende:
  - Pasop vir dwaalleraars en hul boodskap.
  - Pasop vir lidmate wat kwaad stook.
  - Die belangrikste van alles is Jesus Christus en sy evangelie.
  - Vryspraak en versoening is die kern van die boodskap van die kerk.
  - As daar negatiewe dinge in die verlede gebeur het, moet 'n mens jou losmaak daarvan en aanbeweeg na die toekoms.
  - Lidmate moet getrou bly aan die boodskap van Christus.

### IETS OM TE DOEN

- Maak 'n afskrif van die tydlyn hieronder op karton.
- Sny die feite in repe om elke datum se gebeurtenis apart te kry.
- Maak 'n afskrif van die tydlyn met oop spasies hieronder op karton.
- Laat lamineer dit indien fasiliteite beskikbaar is.
- As alternatief, gebruik dit slegs op karton.
- Deel die kaartjies met die feite gelykop tussen die kinders. Dit wat oorbly, plaas jy self.
- Sorg dat hul boeke toe is.
- Laat die kinders nou elkeen hul feite by die *korrekte datums* plaas.
- Die een wat eerste al sy kaartjies *korrek geplaas* het, kry die prys.
- Plak die geplaaste feite netjies vas en plaas jul tydlyn teen die muur. (Dit kan later gedoen word.)

## TYDLYN

1652 (6 April)	Jan van Riebeeck kom in Tafelbaai aan.
1652-1806	Ontstaan en groei van die Nederduitsch Hervomde Kerk van Afrika.
1665 (18 Augustus)	Ds Johan van Arckel (eerste predikant) kom in die Kaap aan.
1780	Bestaan reeds 5 gemeentes in die Kaapkolonie.
1795-1803	Die Kaapkolonie onder Britse bewind.
1803	Kommissaris-generaal JA de Mist gee amptelike status aan die Kerk.
1806	Brittanje kom weer aan bewind aan die Kaap.
1806	Die verengelsingsbeleid begin.
1814	Evangeliese gesange word naas die Psalms in gebruik geneem.
1836	Groot Trek na die binneland begin amptelik.
1842	Eerste Kerkwet word opgestel.
1842	Die eerste gemeente in Transvaal word gestig: Potchefstroom.
1843	Natal word geannekseer deur Brittanje, en Daniel Lindley versorg die lidmate in Natal en Oranje-Vrystaat.
1848	Die Republiek van die Oranje-Vrystaat word deur Brittanje ingeneem.
1853 (Mei)	Ds Dirk van der Hoff kom in Transvaal aan.
1853 (8 Augustus)	Die eerste Algemene Kerkvergadering vind in Rustenburg plaas.
1853	Algemene Kerkvergadering besluit dat gesange ook in die erediens gesing word.
1857	Grondwet van die ZAR word aanvaar.
1858	Nederduitse Hervormde Kerk word staatskerk van ZAR.
1859	Ds Dirk Postma stig die Gereformeerde Kerk in Rustenburg.
1865	Ds Lion Cachet stig die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Transvaal.
1869	Witfontein, die Konsulentsgemeente van Pretoria, stig af.
1880-1881	Eerste Anglo-Boereoorlog.
1882	Kommissies van twee Kerke bespreek die Kerkvereniging.
1885 (7 Desember)	Verenig die Ned Hervormde Kerk en die Ned Gereformeerde Kerk.
1886	Die Kerkvereniging misluk.
1891	Ds Goddefroy word bevestig as predikant van die Ned Herv Kerk.
1893	Hooggeregshof besluit dat Hervormers hul kerkgeboue kan terugkry na mislukking van die Kerkvereniging.
1903	Algemene Kerkvergadering bespreek die heropbou van die Kerk ná die Anglo-Boereoorlog.
1904	Predikante begin op kansels togas in plaas van mantels dra.
1907	Eerste <i>Almanak</i> word gepubliseer.
1909	Eerste uitgawe van <i>Die Hervormer</i> word gepubliseer.
1917	Teologiese opleiding begin by Universiteit van Pretoria.
1923	Kinderhuis in Krugersdorp word gebou.
1924	Hervormde Sendinggenootskap word gestig.
1940	Die NHSV word gestig.
1943	<i>Hervormde Teologiese Studies</i> word gepubliseer.
1960	Administratiewe hoofkantoor word in Pretoria gebou. Hervormde Kerk in Suidelike Afrika (HKSA) kom tot stand. Dié Kerk se naam is sedert 2007 Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC). Die sendingopleiding, die Hervormde Teologiese Opleiding, se naam is tydens die Algemene Kerkvergadering van 2004 verander na die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM).
2013	300 gemeentes, 123 000 doop- en belydende lidmate.

## DATUMS-EN-FEITE

1652 (6 April)	
1652-1806	
1665 (18 Augustus)	
1780	
1795-1803	
1803	
1806	
1806	
1814	
1836	
1842	
1842	
1843	
1848	
1853 (Mei)	
1853 (8 Augustus)	
1853	
1857	
1858	
1859	
1865	
1869	
1880-1881	
1882	
1885 (7 Desember)	
1886	
1891	
1893	
1903	
1904	
1907	
1909	
1917	
1923	
1924	
1940	
1943	
1960	
2013	

- Deel die kinders in kleiner groepe en laat hulle 'n toekomsdroom vir die Nederduitsch Hervormde Kerk opstel en in hul boeke neerskryf.
- Laat hulle dan in die groter groep kom lees wat hulle geskryf het.
- Bespreek dit.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Herinner die kinders dat elkeen van hulle by Les 13 vyf dinge moet neerskryf oor hoe en waar hulle 'n bydrae kan maak tot die groei en vooruitgang van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die toekoms.

### LEER

Herinner die kinders om die volgende teksvers te leer: Filippense 3: 7 en 8b: *Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus, ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde.*

### AFSLUITING

Lees of sing Psalm 33: 1 en 2.

*Sing juigend, sing 'n nuwe loflied.  
Besing opnuut die Heer se Naam;  
bring nou 'n lofgesang met eerbied  
soos dit gehoorsames betaam.  
Net deur sy gedagte is die Heer by magte  
om te laat geskied.  
Wat Hy doen, duur ewig. Vas staan dit en stewig  
soos Hy dit gebied.*

*Hy is vol liefde, vol genade,  
en Hy laat geld dit wyd en syd.  
Standvastig is sy trou, sy dade,  
en Hy bemin geregtigheid.  
Slegs deur 'n gedagte was die Heer by magte  
om te laat ontstaan  
al die helder, verre glinsterende sterre  
en die helder maan.*

Vra die kinders waavor hulle vir die Kerk sou wou bid. Sluit dan af met gebed.